

3 Mei

1 Timoteus 6:6-10, (Teks: Jak. 1:10)

Wat moet die gesindheid van 'n ryk gelowige wees

Die antwoord staan in ons teks" "en een wat ryk is, (moet hom daarin verheug) dat hy arm is voor God."

Net soos die arm gelowige hom moet verbly, moet ook die ryk mens hom verbly – al verskil die redes vir hulle blydschap.

Die arme moet bly wees daarvoor dat God hom aansien gee, maar die ryke moet bly wees dat hy arm voor God is.

Die Bybel het beslis nie beswaar teen rykdom as sodanig nie. Dink maar net aan 'n paar prominente ryk figure uit die Bybel se tyd, soos Abraham, Job, Salomo, Barnabas, Josef van Arimatea. Maar die Here waarsku duidelik teen gevare en versoekings verbonde aan rykdom. Die groot gevaar is gierigheid en die soeke na geluk en sekuriteit. Hoe meer geld en besittings jy het, hoe meer wil jy dan hê. En geld was al baie mense se ondergang, want dit is geneig om jou van die geloof te laat afdwaal. Die wyse raad van Paulus aan die rykes is daarom: Hulle moet nie hulle hoop vestig op die onsekerheid van rykdom nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet" (1 Tim 6:17).

Volgens ons teks is die gesindheid wat 'n ryk gelowige moet hê blydschap "omdat hy arm is voor God." Die ryke wat dit besef sal hemelse skatte najaag! Hy sal leer dat Christus ter wille van ons arm geword het sodat ons (ook die rykes) deur sy armoede ryk kan word.

Sing: Psalm 146:1

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)